

Drakensbergers wys hul

staal

Deur Izak Hofmeyr



Wat individuele prestasie betref, het twee kalwers 'n gemiddelde GDT van 2,0 behaal. Die beste prestasie onder die Drakensbergers was twee kalwers wat GDT's van 1,9 behaal het en drie met 1,8.

Marthinus beklemtoon dat die goeie GDT's van die Drakensbergers, in vergelyking met die gemiddelde prestasie van die groep, weereens illustreer dat die Drakensberger geen tree hoof terug te staan vir ander rasse en tipes by voerkraalprestasie nie.

'n Uiters ekonomiese bees

"Die toets het bevestig dat die Drakensberger 'n uiters ekonomiese bees is. Hierdie prestasie in die voerkraal is die een deel. Die ander is dat hierdie kalwers uit 'n hoogs doeltreffende koeikudde kom wat min insette vereis. Dis voorwaar 'n wensituasie."

Wat verder met die metode van berekening vir die bepaling vir die mees ekonomiese groeiers bevestig is, sê Marthinus, is dat dit nie die swaarste, mooiste en grootste kalf op die oog is wat noodwendig die mees ekonomiese bees is nie, en ook nie noodwendig die een met die beste GDT nie.

"Hy groei so lekker, want hy vreet so lekker en dit kos geld! Dit is die kalf wat met die minste kos die beste groei, nie die groot kalf wat die meeste vreet en die meeste groei nie."

Ook by die koeie, beklemtoon hy, is dit nie die kudde met die beste speenpersentasie en swaarste speenkalwers wat die mees ekonomies is nie. "Dit gaan oor die kudde wat dié mikpunte met die minste koste kan bereik, en dit is waar die Drakensberger kop en skouers bo enige ras uitstaan."

Vir meer inligting, skakel Marthinus Willemse by 072 660 9070, die Drakensberger-genootskap by 051 410 0974 of besoek die webtuiste www.drakensbergers.co.za.

Dit is nie die kudde met die beste speenpersentasie en swaarste speenkalwers wat die mees ekonomiese is nie, maar die kudde wat dié mikpunte met die minste koste kan bereik. En hier is die Drakensberger koning.

Vir die afgelope drie jaar bring beesboere in die Witkoppe-gebied naby Memel speenkalwers byeen en word hulle vir die mark gevoer.

Omdat verskillende rasse en tipes so saamgegooi word, is dit baie interessant om te sien watter tipe beeste die beste groei.

Die voerprojek vind die afgelope twee jaar by Marthinus Willemse op sy plaas Matilda plaas. Altesaam 130 kalwers het in Mei 2016 aangekom en die eerste formele weging was op 25 Mei. Die laaste kalwers is op 19 September geslag. Die broers Beukes en Marthinus Willemse het tussen hulle 30 Drakensberger-kalwers ingeskryf. Hiervan het sewe in die top 20 mees ekonomiese groeiers geëindig.

"Ons oorspronklike versoek aan die deelnemers was dat ons kalwers tussen 180 en 260kg wou hê, maar op die ou end is sowat 30 kalwers ingeskryf wat heelwat swaarder was. Hulle is dus ook vroeër uitgelaai. Volgens ons somme is die ligter kalwers deur die bank baie meer ekonomies om te voer."

Daaglikse gewigstoename

Die kalwers is in drie groepe geklassifiseer – 'n ligte, medium en swaar groep. Al die

kalwers het egter in dieselfde kraal gestaan en het ewe veel toegang tot die voerbakke gehad. Die daaglikse gewigstoename is dus bepaal op grond van 'n gemiddelde inname per kalf, wat natuurlik nie voorsiening maak vir moontlike afwykings in individuele innames nie.

Die kalwers is vyf keer geweeg en elke keer is die gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) bereken. Die gemiddelde GDT vir al 130 kalwers was 1,2kg, terwyl die 30 Drakensbergers 'n gemiddeld van 1,44kg behaal het.

Uit die top 20 beste presteerders het Beukes vier en Marthinus drie Drakensberger-kalwers gehad. Die res van die top 20 kalwers het aan agt verskillende boere behoort.

Identiese omstandighede

"Hoewel hierdie 'n baie rowwe voertoets was en sekerlik heelwat verfyn kan word aan ons metode van meting, is al die kalwers presies eenders behandel en hulle het dieselfde toegang tot voer gehad. Onder hierdie identiese omstandighede het sekeres beter presteer as ander, en dit is vir ons die belangrike punt. 'n Mens kan in hierdie verband nie die Drakensberger se prestasie ignoreer nie," verduidelik Marthinus.